ElijahAfrica is ‘n bedieningsnetwerk wat daarop gerig is om:

- die Bruid van Christus te onderrig en te mobiliseer
- die harte van die vaders te versoen met die harte van die seuns
- die ongehoorsames te bring tot die gesindheid van die regverdiges
- vir die Here ’n toegeruste volk te berei om saam met Christus te regeer
- die geestelike oë van die Bruid te open deur openbaringskennis
- individue, huweliksmaats, gesinne, families, nasies, volke, tale, lande en kontinente te begelei in die volvoering van hul roeping en skeppingsdoel
- die radikale evangelie van die koninkryk van God asook God se eindtydplan te bring aan gelowiges wat vasgevang is in die uitsigloosheid van Christelike tradisie
- ’n netwerk tot stand te bring waar elkeen in sy eie rigting beweeg, maar in gelid, sonder eksterne beheer, struktuur en manipulasie, gerig deur die Gees van God
- bewegings van geestelike transformasie op alle terreine van die samelewing te fasiliteer
- ’n wêreldwye net te vorm waardeur die laaste oes ingebring kan word
- die oprigting van huisgemeentes te fasiliteer waarbinne gelowiges vrylik binne die vyfvoudige bediening en geestelike gawes kan funksioneer
- ’n ‘tregter’-bediening te vorm waardeur God sy reformasie in die markplein kan finansier, veral deur die oprigting en begeleiding van konings en priesters in die besigheidswêreld wat in hul Godgegewe passie en roeping funksioneer
- die Bruid van Christus te begelei in voorbereiding vir die eindtyd
- God se oordrag van die rykdom van die koninkryke van die wêreld na die Koninkryk van God te fasiliteer
- forums te skep waarbinne elke persoon in die Bruid sy bediening kan uitleef
- geleentheid te skep vir geestelike vaderskap en mentorskap
- hul wat kunsvaardig is te begelei om hul roeping aan die Liggaam bekend te stel
- elke persoon te laat beweeg in die vreugdevolle en vervullende realisering van sy/haar skeppingsdoel en passie
- “to fulfil the purposes of God in our generation”.